Posbus 41079,

Craighall.

Johannesburg. 2024

12 September 1999-09-12

Liewe Willie,

Baie dankie vir die groot eer my aangedoen met die stuur van die pragstuk "Selfs die kerk kan verander". Die werk het my van begin tot end nie alleen meegeneem nie maar my ook opnuut met bewondering vir jou persoon vervul. Ek dink dat Rykie se kommentaar uiters raak is, maar belangriker as die liksens wat jy het, is vir my die wonder van die besondere gawes wat die Heer aan jou gegee het en hoe jy dit in diens van die kerk gebruik het. Dankie dat jy my ook nou weer insig gegee het in jou oortuigings en my laat deel het in die besondersheid van jou wandeling in en met die kerk. In 'n sekere sin is hierdie werk vir my 'n hoogtepunt in die ry van jou pennevrugte.

Met my gaan dit eintlik deesdae besonder goed – ek is so besig met allerlei dat ek elke dag die daaglikse energie ongeveer volledig verbruik. Ek vertrou dat dit met jou en jou mense ook goed gaan.

Met groot waardering,

Jou vriend,

JAN